Tjokkies
Preprimêr
051-5223628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

20 Julie 2023

Kw. 3 NUUSBRIEF 1



## Baie Welkom!



Welkom terug vir die Derde Kwartaal. Mag die kwartaal voorspoedig verloop vir al ons kleuters, ouers en personeel.

Die volgende paar weke is die heel belangrikste tyd vir hierdie "op-die-drumpel" kleuters. Om elkeen se potensiaal en skoolgereedheid tot die maksimum te bevorder, moet die skool en u as ouers saamwerk. Neem die verantwoordelikheid op om die Departementele werkboekie saam met u kleuter deur te werk. Gee daagliks aandag aan telwerk en beginklankies. Help u kleuter met selfdissipline, deursettingsvermoë en konsentrasie.

Kyk uit vir die "Doelwitte van die Kwartaal" en kom gesels asseblief met ons oor enige kommer rakende u kleutertjie se vordering.

*Saam kan ons die beste maak van hierdie kwartaal!*

## Roetine

**Probeer asseblief om so gou as moontlik weer in roetine te kom ter wille van u kleutertjie se sekuriteit en selfvertroue.**

**Skep ook tuis 'n vaste roetine.**

**'n Kleuter moet vroeg gaan slaap en die dag uitgerus begin. Onthou die volgende resep vir 'n goeie dag:**

**Magie vol, blasie leeg, neusie skoon, ASEMPIE VARS!**

**Bly asseblief altyd op hoogte van alle skoolreëlings.**



## Skoolgeld

Skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.

(Januarie tot November)

Baie dankie vir getroue inbetaling van skoolgelde wat ondersteunend is tot die suksesvolle funksionering van ons skool.



## Bederfdag

*Daar is nie môre Bederfdag nie.*

Vir die res van die jaar is daar nog net 10 Bederfdae oor. Die laaste 2 bederfdae gee ons gratis, daarom sal slegs R80 vir 8 bederfdae gehef word.

Betaalbaar via Karri App vanaf 1 Augustus.



U kan in gedagte hou dat daar later in die kwartaal konsertuitgawes ook voorlê.

## Tema's vir die kwartaal

Die volgende tema's is in ons beplanning vir hierdie kwartaal:



- ◊ Winter
- ◊ Plaasdiere
- ◊ Wilde diere
- ◊ Reptiele
- ◊ Dinosorusse
- ◊ Net een wêreld (pas hom op)



# Tjokkie 'Lympics' Kleuter-sportdag



## Vrydag, 4 Augustus

*Ons sportdag is om die draai!*

Op Vrydag, 4 Augustus hou ons Tjokkie Lympic's. Dit is ons eie **kleuter-sportdag** om die kleuters bloot te stel aan sport en om hul basiese vaardighede te ontwikkel.

Ál die Gr R kleuters neem deel en die hele familie is welkom om te kom kyk en die kleuters aan te moedig.  Ouers kan by die hoofhek of swembadhek inkom.  Aktiwiteite vind hoofsaaklik op die rugbyveld en netbalbane plaas.  Atletiek is laaste op die program en vind voor die paviljoen plaas asook die medalje oorhandiging.  Trek gemaklik aan vir die dag - daar is ook 'n  massa "Gim-trim" item vir die hele gesin!

## Program

12:30 Skool kom uit. Alle kleuters moet afgehaal word om tuis te eet. Ouers neem kleuters self na die sportdag. (Indien dit vir u moeilik is stel ons voor dat u met 'n maatjie se ouer 'n reëling tref.) *Kontak ons asseblief in geval van 'n groot probleem of as u kleuter **NIE** aan die dag gaan deelneem nie - dit is baie belangrik vir ons span-indelings. **Ons moet dit weet voor/op Woensdag 26 Julie.***

13:50 Kleuters meld voor die paviljoen aan met Tjokkies somersdrag en 'n warm Tjokkietop bo-oor. Dogtertjies tekkies, seuntjies kaalvoet.

14:00 Sportdag open

Pom-pom optrede en sing van kreet

14:20 Netbal: Al die dogtertjies meld by die onderskeie netbalbane aan vir spanfoto's

14:30 Netbal wedstryde

14:50 Rugby:  Al die seuntjies meld by die rugbyveld aan vir spanfoto's



15:00 Rugby wedstryde

15:15 Massa Gim-trim voor paviljoen (Groot en klein, almal wat wil!)

15:25 Kleuters meld by wegspringarea aan vir atletiek (Almal kaalvoet)

15:40 Atletiek hardloop

15:50 Kleuters tree in klasverband aan vir medalje oorhandiging

16:15 Verrigtige afgehandel

Pret-aktiwiteite tussenin:

- Hokkie-hindernis
- Putt-putt
- Swingball
- Kaskarre



Die skool se snoepie sal oop wees vir verversings.  Kom geniet die middag saam met ons!

# Opknapping




Gedurende die vakansie is die voortuin-projek afgehandel en ons nuwe groen kunsgras lyk pragtig.  Die klasse se deure is behandel, asook die houtklimraam, hout speelgoedhuis, die heininkies en hekke.



Die terrein is ook behandel teen allerlei gediertetjies en die klasse is gesaniteer en skoongemaak.

**Sanitech** borg Tjokkies se maandelikse higiëniese diens en produkte, waarvoor ons hul opreg bedank.

# Kalender



*Let asseblief op na die datums vir die res van die jaar om op hoogte van ons program te bly.*



*Stuur asseblief die Departementele boekies wat nog tuis is Maandag terug skool toe asook die briewesak. Volgende Donderdag word die verslae en boekie 3 huis toe gestuur.*

## Kommunikasie



Wees asseblief bewus daarvan dat personeel nie  noodwendig selfoonboodskappe in skooltyd lees nie.  Vir dringende reëlings, skakel eerder vir Sanet by die kantoor en laat 'n boodskap. (051-522 3628)

# Parkeerterrein



Ons doen weereens 'n ernstige beroep op almal wat die parkeerterrein binnekom om veilig en bedagsaam te bestuur en bedag te wees op kinders en ouers wat tussen die voertuie beweeg.

**Mag hierdie kwartaal 'n heerlike kwartaal vir almal wees!**